

Sing vooraf staande: Psalm 31:12, 19 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 19 Bemin die HEER. sy gunsteling! / Hy sal jul nooit verlaat, / maar straf die trotse daad deur goddelike regsgedinge. / Wees sterk dan, en behoue, / in stille Godsbetroue.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan, of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart; of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees. En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewige vrede.

Skriflesing: Habakuk 1:12-2:4; Romeine 3:9-11, 21-24

Kernverse: Habakuk 1:12-13; 2:4; Romeine 3:23-24

Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige? Ons sal nie sterwe nie. HERE, tot 'n strafoordeel het U hom bestel en, o Rots, tot 'n tugroede het U hom bestem! U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie—waarom aanskou U die trouelose, swyg U wanneer die goddelose dié verslind wat regverdiger is as hy?

(Habakuk 1:12-23 AFR53)

Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.

(Habakuk 2:4 AFR53)

Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.

(Romeine 3:23-24 AFR53)

Tema: Mense se oordeel oor mense teenoor God se oordeel oor mense

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, alle mense het 'n vreemde en selfsugtige manier wanneer hulle ander mense beoordeel. Wanneer ons iemand vir die eerste maal ontmoet, maak ons binne die eerste paar sekondes vir onself 'n opsomming van die ander persoon. Ons beoordeel die ander een se voorkoms, sy gelaatstrekke en sy woorde om

agter te kom of ons met so 'n mens oor die weg sal kom of nie. En die toetssteen wat ons gebruik om die ander persoon te beoordeel is onself en ons eie voor- en afkeure.

Die Galdeërs, die wrede en woeste nasie, wat die Here as instrument in sy hand geneem het, het ook hulle eie manier van oordeel gehad oor mense. In Habakuk se tweede gebed hoor ons hoe die Galdeërs alle ander volke gesien het. Vir hulle was ander volke soos visse in die see wat hulle maar net kan vang en oorrumpel om hulleself te verryk. Maar ons hoor ook hoe Habakuk oor die Galdeërs en oor sy eie volk oordeel wanneer hy sy klagte tot die Here uitroep. En dan hoor ons uiteindelik in die Here se antwoord op Habakuk se klagte hoe die Here ons God oor alle mense oordeel.

Habakuk was stomverbaas oor die Here se eerste antwoord. As gelowige het Habakuk die Here gesmeek om uitkoms en redding van die geweld wat in sy land heers. Toe hoor Habakuk die skokkende antwoord: Die Here stuur die Galdeërs om met groter geweld en onreg die geweld onder die volk van die Here uit te roei. Hoe maak 'n mens nou as jy die Here se manier van doen nie begryp nie. In plaas daarvan om in wantroue jou rug op die Here te draai en op ander plekke begrip te gaan soek vir wat die Here gesê het, gaan die gelowige terug na die Here toe. Habakuk gaan nie in wantroue weg van die Here af nie. Hy bly voor die Here staan om te verstaan hoe dit wat hy gehoor het inpas by wat hy van die Here weet.

In sy soeke na begrip laat die Heilige Gees Habakuk in geloof aan God vasgryp. In sy gebed herinner Habakuk homself wie die Here is en hy noem vier Name of eienskappe van die Here.

Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige?
(Habakuk 1:12a AFR53).

Die Here in wie Habakuk glo en tot wie hy roep, is die ewige God. Hy het nie 'n begin of einde nie. Die kere wanneer die Here self sy ewigheid aan die volk noem, soos in Jesaja 40:28, dan doen Hy dit juis in antwoord op die klagte van sy volk. In daardie gedeelte hoor ons dat die volk onder die indruk verkeer het dat die Here nie sien wat van sy volk word nie. Maar die feit dat die Here ewig is, is juis die bewys dat Hy inderdaad weet wat met sy volk gebeur.

Wanneer Jeremia in Klaagliedere by die Here kla oor die ellende waarin die volk verkeer, roep hy ook die ewigheid van die Here in herinnering (Klaagl 5:19). Op grond van die Here se ewigheid smee Jeremia dat die Here nie vir altyd sy volk moet verstoot nie.

In aansluiting by die volgende sin in die vers – **Ons sal nie sterwe nie** (Habakuk 1:12b AFR53) – smee Habakuk hier dat die Here ook nie sy volk moet vergeet nie. Die Here moenie toelaat dat sy volk geheel en al uitgewis word nie. Hierdie smeking herinner aan Moses se smeking toe die Here Israel na die episode met die goue kalf wou verdelg.

En hierdie ewige God het met Habakuk en sy volk sy verbond gesluit, daarom gebruik Habakuk weer die Verbondsnaam van die Here. Die Here het immers self gesê dat sy verbond met sy volk 'n ewige verbond is. Die Here sal nie sy eie woorde teëgaan nie. Hy het immers self al male sonder tal in die verlede vir hulle gesê dat Hy hulle God is. Hy het Homself onlosmaaklik verbind aan die volk van Israel. Daarom kan Habakuk die Here ook aanspreek as *my God, my Heilige*. Die Here het vir Habakuk en die volk Israel sy eiendom gemaak, daarom hoor ons hierdie persoonlike toe-eiening: O Here, U is my God. U is die Rots. U is onveranderlik. U sal nie u verhouding met ons laat ophou nie, want U is nie wispelturig nie.

Broers, susters en kinders, ons Here Jesus het sy Heilige Gees aan ons gegee om ons ook te herinner aan wat Hy ons leer. En een van die baie dinge wat Jesus aan ons leer, is wie God is. Hy is die ewige God, sonder begin of einde. Daarom is Hy ook onveranderlik. Hy is nie onderworpe aan agteruitgang nie. Hy gaan nooit dood nie, Hy word nooit moeg nie. Hy is die altyd lewende God. En die ewige God het Homself ook onlosmaaklik aan ons vasgemaak. Daarom kan en mag ons Hom ook aanroep as ons God, ons Heilige.

En wanneer ons die Naam Heilige hoor, kom ons voor 'n probleem te staan. Here, my God, U is die Heilige en kan daarom nie die onreg en geweld van die sondaar voor u aan-gesig verdra nie, roep Habakuk uit wanneer hy God as die Heilige aanspreek. In Habakuk se woorde klink dit so:

U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie. (Habakuk 1:13a AFR53)

Hierdie beeld van God waarmee die Heilige Gees vir Habakuk en vir ons help, stel ons in staat om te verstaan hoe Habakuk die Galdeërs beoordeel. Habakuk is sensitief daarvoor dat God heilig is. Here, u oë is te rein om toe te kyk terwyl daar verkeerd gedoen word. En nou het die Here in sy alwysheid besluit om die Galdeërs as die instrument in sy hand te neem om die onreg onder sy volk uit te roei. En wie is die Galdeërs? Hulle is slegte en trouelose mense, Here. Hoor jy hoe Habakuk die Galdeërs beoordeel? Kyk net hoe sleg is die Galdeërs. Hulle aanbid nie die God van hemel en aarde nie. In plaas daarvan om offers aan die enigste lewende God te bring, pleeg hulle afgodery. Hulle eie wapens, hulle nete en treknette, is vir hulle hul gode, want dit is deur hulle wapens dat hulle ryk en welvarend geword het.

Die Galdeërs leef in weelde deurdat hulle alle ander volke oor dieselfde kam skeer. Vir die Galdeërs is daar nie 'n onderskeid tussen volk en volk nie. Of dit nou ander afgodsdienaars is en of dit nou mense is wat die heilige God aanbid, maak nie vir hulle saak nie. Vir hulle is alle volke dieselfde. Dit is mense wat verower kan word en soos visse bymekaargemaak kan word sodat hulle land en hulle goed gevat kan word. Die Galdeërs maak nie eers 'n onderskeid tussen mans en vrouens en kinders nie. Die Galdeërs se god is hulle eie mag, daarom slaan hulle 'n man en vrou op dieselfde wrede manier dood. Of dit 'n bejaarde is en of dit 'n klein weerlose babatjie is, maak ook nie saak nie. Met spiese en swaarde word almal doodgemaak wat nie as slawe vir hulle kan werk nie. So hoor ons in Habakuk se gebed wat die Galdeërs van mense en volke dink. Elke ander volk is maar net nog 'n prooi vir hulle. Elke ander mens, oud en jonk, man en vrou, is maar net nog 'n minderwaardige vyand wat óf doodgemaak óf gevang moet word.

Nadat Habakuk gesê het hoe sleg die Galdeërs is, beoordeel hy sy eie volk as hy die Here vra:

Waarom aanskou U die trouelose, swyg U wanneer die goddelose dié verslind wat regverdiger is as hy? (Habakuk 1:13b AFR53)

Dit is vir Habakuk ondenkbaar dat die Here slegte mense soos die Galdeërs kan gebruik om die onreg onder die Judeërs uit te roei. Juda is darem regverdiger as die Galdeërs. Alhoewel daar korrupsie en geweld in Jerusalem heers, is die Judeërs darem beter as die Galdeërs.

Habakuk vergelyk homself en sy volk met die Galdeërs. In sy oë is die Judeërs regverdig; hulle aanbid mos die enigste lewende God. Hy is mos hulle God. En die Galdeërs is slegte, trouelose afgodsdienaars. Daarom is die Judeërs beter as die Galdeërs. Met die woord regverdig bedoel Habakuk dat die Judeërs se saak met die Here reg is. Hulle staan

in die regte verhouding met God omdat hulle aan Hom behoort en hulle Hom aanbid en offers vir Hom bring al is daar onreg en geweld in Jerusalem.

Hoe beoordeel ons ander mense? Ek dink ons kan maar hardop sê dat ons net soos Habakuk maak. Omdat ons weet dat ons aan die Here behoort en omdat ons weet dat God heilig is, word ons sommer outomaties regters oor die morele standarde van mense. Omdat ons gereeld bid en Bybel lees is ons in ons eie oë beter as iemand wat nie gereeld bid en Bybel lees nie. Omdat ons gereeld in die erediens is, is ons in ons eie oë beter as hulle wat weinig of nooit in die erediens kom nie. Omdat ons manier om die Here te dien vir ons gevoel die regte manier is, dink ons maklik dat ons verhouding met die Here beter is as hulle wat die Here anders as ons dien.

En as 'n mens mooi gaan kyk, dan is hierdie beoordeling van ons gegrond op uiterlike dinge. Omdat ons op grond van uiterlike dinge ander mense met onself vergelyk en beoordeel, gaan dit van kwaad na erger. Omdat my huis skoner en meer aan die kant is as iemand anders s'n, is ek 'n beter mens as hy. Maar laat die Here ons nog dieper oopsny. Omdat ek nie aan drank verslaaf is soos 'n ander mens nie, omdat ek nie saam met iemand bly asof ek met die ander een getroud is nie, omdat ek wit is, omdat ek 'n werk het, is ek 'n beter Christen as die ander mense wat nie soos ek is nie. En op grond daarvan sê ek maklik saam met Habakuk: Ek is meer regverdig as die ander mense, want kyk net watter slegte dinge vang hulle aan. Terwyl ons dit sê, hou ons met alle mag ons eie bose dae en sondes weg van ander mense se oë af. Ja, ons erken dat ons sondaars is, maar die ander mense is darem slegter as ons.

Geliefdes, Habakuk het nie 'n probleem daarmee dat die Here sy volk gaan straf oor hulle sondes nie, ook nie dat Hy die Galdeërs gaan gebruik nie, want die Here is reg en regverdig in al sy optredes. Hy is die soewereine God. Habakuk het 'n probleem daarmee dat die Here die Galdeërs gaan gebruik wat in sy oë slegter as die Judeërs is. Ja, die Judeërs is sondaars en daar heers geweld en onreg in Jerusalem, maar die Galdeërs is nog erger, hulle aanbid afgode.

In die kern van sy antwoord op Habakuk se tweede klagte kom staan die Here, die heilige God, self voor Habakuk. Vanoggend kom die Here self in sy Woord en Gees ook voor ons staan. En die Here laat ons verstaan dat sy oë baie skerper en dieper as ons oë kyk. Hy sien nie net die sonde en onreg van die Judeërs en van die Galdeërs raak nie. As die Here na my en jou en na alle ander mense kyk, sien Hy nie net ons uiterlike slegtheid raak nie. Hy kyk diep in ons harte in. Hy kyk dwarsdeur ons. En Hy sê vir ons in duidelike taal hoe Hy ons en alle mense beoordeel: Almal het gesondig en is ver van God af. Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie. Vir die Here is daar nie verskillende grade van regverdigheid nie. Die een mens is nie beter in die oë van die Here as die ander een nie. Niemand van ons is regverdiger as enigiemand anders nie. Ons is almal ewe sondig en boos.

Maar maak die Here dan geen onderskeid tussen mense nie? Ja, inderdaad! Die Here maak 'n onderskeid tussen mense. Vir Hom is daar net twee soorte mense – die mense wat Hy regverdig maak, en al die ander mense. Dit gaan dus nie oor wat ek van myself dink teenoor ander mense nie. Dit gaan oor wat God met 'n mens maak. Dit gaan dus oor die persoonlike verhouding wat mense met God het of nie het nie – die mense wat God regverdig maak en die ander mense.

Hoe lyk die ander mense, die mense wat nie 'n persoonlike verhouding met God het nie? Die Here sê:

Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. (Habakuk 2:4a AFR53)

So 'n mens is so vol van homself dat daar in sy lewe nie plek vir God is nie. En 'n mens wat vol van homself is, is opgeblase met sy eie gedagtes en eie vermoëns. Volgens hom het hy niemand anders nodig nie, nie eers vir God nie. Met sy eie krag sal hy sy eie lewe vir hom voorspoedig maak. En om hierdie leuen van 'n lewe wat eintlik 'n leë lugborrel is in stand te hou, moet hy alles inspan om homself beter te laat lyk teenoor ander mense. Daarom skroom so 'n mens ook nie om met geweld en onreg sy eie lewe te handhaaf nie. So het die Judeërs teenoor mekaar gedoen en so het die Galdeërs met alle ander volke gemaak. So maak alle mense vandag steeds – rykes en armes, skones en vuiles, wittes en swartes, Bybellesers en nie-Bybellesers. Elke mens wat in sy oë beter is as iemand anders, is vol van homself en lei 'n leë en leuenagtige lewe.

Die alternatief vir so 'n leë en leunagtig lewe is dit wat die Here in die tweede deel van vers 4 vir ons sê:

Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. (Habakuk 2:4b AFR53)

Die Here alleen kan ons leë lewe volmaak. En Hy doen dit deur ons eers leeg te maak van onself van alles wat ons dink ons nodig het om mens te wees. Met sy Gees en Woord sê Hy self vanoggend vir ons dat ons in onself niks beter is as enige ander mens nie. Wanneer die Heilige Gees die geloof aan ons gee, stroop Hy ons van alle selfvoldaanheid. Met die geloof maak die Gees ons oë oop om deur die oë van die Here na onself te kyk. En diep in my eie hart sien ek die selfversekerdheid raak wat ek met alle mag probeer handhaaf teenoor ander mense. Ek sien die selfversekerdheid wat maak dat ek so vol van myself raak dat daar vir God nie plek is nie. Met hierdie skerp Woord steek die Heilige Gees ook my lugborrel stukkend en al wat daar oorbly is flenters, en ek besef in watter ellende ek verkeer. Ek is niks, ek is kaal en ek het God nodig.

Wanneer die Heilige Gees ons tot hierdie besef gebring het, laat Hy die beeld van Jesus Christus voor ons oë verskyn. Deur die geloof gee Hy Christus met al sy genadewerk aan jou en aan my. Hy beklee ons met die verlossingswerk van Christus om ons kaal lewe toe te maak voor God en ons leë lewe vol te maak met die genade van Jesus Christus. En terwyl die Heilige Gees die flenters van my en jou lewe heelmaak met die volmaakte lewe van Christus, stel Hy ons in staat om Christus en sy volmaakte werk vir onself toe te eien. Jy en ek is eers regverdig, en jou en my saak is reg met God, eers wanneer ons besef het dat ons kaal is en met Christus toegemaak moet word voor die oë van God. Dan word die lewe vir jou en my 'n werklikheid. Ons besef dan dat lewe nie maar net asemhaal is nie. Egte lewe is om in Christus en deur Christus en met Christus te kan lewe in die teenwoordigheid van God. Enige mens sal voor die oë van God kan bly lewe slegs as God hom en haar regverdig gemaak het en nie omdat hy of sy dink dat hulle regverdiger is as iemand anders nie.

Geliefdes, wat 'n voorreg het jy en ek nie vanoggend nie? Die Here self sê vir ons dat dit nie gaan oor wat ander mense van my dink nie. Dit gaan ook nie oor hoe ek ander mense beoordeel in vergelyking met myself nie. In die oë van die Here gaan dit oor hoe Hy ons almal beoordeel en wat Hy van jou en my maak. As jy in jou hart deur die Heilige Gees oortuig is dat Jesus Christus ook jou Verlosser is omdat God Homself onlosmaaklik aan jou vasgemaak het en as hierdie nuwe lewe van jou in Christus sigbaar word in jou lewe van elke dag, kan jy daarvan seker wees dat jy sal lewe tot in alle ewigheid. Jy sal lewe, nie omdat jy dink jy is beter as iemand anders nie, maar omdat God self jou vrygespreek het vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

Amen!

Slotgebed

Psalm 71:1, 2, 10 11 (p. 353)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote^oOntfermer, / my Toevlug en Beskermer!
- 10 Nou kom ek aan met forse skrede, / my lof is sonder maat, / vir u verlossingsdaad.
Ek meld van jeugtyd en verlede – / hoe U my, onervare, / gelei het al my jare.
- 11 Ek soek, o God, aan U verbonde, / u hulp, nou ouderdom / en grysheid oor my kom.
Verlaat my nie; gun tyd en stonde; / Dan stel 'k u magsvermoë / Aan kind en kroos voor oë.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 September 2014